

## **SARS MAAK 'N BEROEP OP WERKGEWERS OM DATA GEREED TE KRY VIR WERKGEWERS BELASTINGSEISOEN**

**Pretoria, 5 Maart 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is daartoe verbind om sekerheid en helderheid te verskaf aan alle belastingpligtiges en handelaars ten opsigte van hulle belasting- en doeaneverpligtinge, sodat hulle nakomend kan bly en om seker te maak dat sake met die organisasie so eenvoudig en maklik as moontlik is.

Alhoewel, die gemak en eenvoud van sake met SARS hang af van elke segment van belastingpligtiges, handelaars en derde partye wat hulle wetlike verpligtinge nakom om sorgvuldige dienslewering deur SARS te verseker.

Daarom doen SARS 'n beroep op werkgewers om seker te maak dat hulle gereed is om hulle jaarlikse rekonsiliasie-verklarings in te dien met die nuutste en mees akkurate salarisrol inligting oor hulle werknemers en die belasting wat hulle afgetrek het.

Terselfdertyd, verwag SARS dat verskaffers van derdeparty-inligting van instansies wat mediese skemafondse, uitree-annuïteite en ander administreer, om ook die nuutste en mees akkurate inligting te verskaf om dit maklik te maak vir belastingpligtiges om hul inkomstebelastingopgawes in te dien, indien nodig.

Die data wat aan SARS deur werkgewers ingedien moet word, moet die maandelikse werkgewerverklarings wat ingedien is dek, asook betalings gemaak en belastingstifikate (IRP5/IT3)(a)'e wat gegeneer is, om die volle belastingjaar van 1 Maart tot 28/29 Februarie te dek. Inligting wat deur derdepartye ingedien word, moet dieselfde belastingtydperk dek.

Werkgewers se salarisrol data is uiters belangrik vir SARS. Eerstens gee dit 'n gerekonsilieerde weergawe van watter bedrae belasting die werkgewer van die belasbare besoldiging van elk van sy werknemers afgetrek het. Tweedens toon dit watter bedrag van belasting die werkgewer aan SARS oorbetal het namens die werknemer. Dit toon ook ander toelae wat 'n werkgewer aan 'n werknemer betaal as deel van hulle besoldigingsvoordele.

Volgens hierdie salarisrolinligting en data van derdepartye, sal SARS in staat wees om 'n inkomstebelastingopgawe aan belastingpligtiges uit te reik wat vooraf voltooi is met die toepaslike inligting vir die gemak van belastingpligtiges wat nie ingewikkelde belastingsake het nie. Vir hierdie belastingpligtiges, word die indiening van 'n opgawe 'n eenvoudige taak van nagaan van vooraf-voltooide inligting op die opgawe en die indiening van die opgawe indien die inligting korrek is.

Werkgewers en derdepartye het vanaf 1 April tot 31 Mei om hulle data by SARS in te dien.

In die konteks van die COVID-19-pandemie en die verligting wat aan individue, werknemers en werkgewers in nood gebied is, is SARS vasberade om verseker dat die nakomingsyfer onder werkgewers aansienlik toeneem hierdie jaar.

Werkgewers wat versuim om salarisrol data betyds in te dien, kan aanspreeklik word vir boetes vir laat-indiening van tot 10% van die waarde van hulle salarisrol.

Gedurende hierdie uitdagende tydperk van Covid-19, is dit elke belastingpligtige en handelaar se plig om nakomend te bly. Sodanige nakoming en inkomste-bydraes, stel die regering in staat om die belangrike maatskaplike goedere en dienste aan kwesbare Suid-Afrikaners te verskaf en om ons heldhaftige noodsaaklike werkers in die stryd teen Covid-19 aan te stel. Hierdie bydraes het die regering ook in staat gestel om 'n teenentingsprogram te begin om 'n tropimmunitet teen die virus te skep.

SARS wil die nakomende werkgewers wat elke jaar nakomend gebly het deur hul verklarings in te dien en die nodige betalings betyds gemaak het, hartlik bedank. In die belange van hul werknemers en 'n egalige en kommersvrye belastingseisoen, moedig ons alle werkgewers aan om nou hul nuutste en akkurate inligting, wat by SARS ingedien moet word, voor te berei.

Vir meer besonderhede oor die indiening van salarisrolle en die aanlynplatforms beskikbaar vir indiening, kan werkgewers die *PAYE*-blad besoek op die SARS-webtuiste [www.sars.gov.za](http://www.sars.gov.za).

Vir media-navrae, kontak gerus [SarsMedia@sars.gov.za](mailto:SarsMedia@sars.gov.za)

EINDE